



*The Office Of The Principal and Vice - Chancellor*

**PROF MANDLA MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**DIE EERSTE OPENBARE LESING TER ERE VAN OK MATSEPE**

**THE RANCH HOTEL, POLOKWANE**

**19 MAART 2019**

Programdirekteur, ek wil graag my dankbaarheid uitspreek vir die geleentheid om by hierdie besondere byeenkoms ter ere van die vername Sesotho sa Leboa-skrywer, mnr Oliver Kgadime Matsepe, 'n lesing aan te bied.

Sy vroegtydige afsterwe het die gemeenskap – en ek wil graag byvoeg, die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap – van een van Afrika se produktiefste outeurs beroof. Hy het nege romans en ses bundels poësie gepubliseer.

Matsepe se werk het heelwat literêre navorsers oor taalversperrings heen geïnspireer, insluitend Unisa se eie navorsers, soos ons hoofspreker vandag, emeritus professor Majelele Serudu.

Ek het verneem dat prof Serudu se meestersverhandeling en doktorale proefskrif gegrond is op OK Matsepe se werk, beskou vanuit verskillende hoeke. En daarom is ek seker dat ons vanaand baie meer oor Matsepe se werk sal leer. My lesing dien derhalwe as 'n inleiding tot prof Serudu se toespraak.

Dit is dus gepas dat ons vanaand hier bymekaar gekom het vir die eerste openbare lesing ter ere van OK Matsepe. Die tema van die lesing, Programdirekteur, is ook uiters toepaslik, veral gegewe die huidige geskiedenis van Suid-Afrika, die vasteland en, durf ek byvoeg, die wêreld, naamlik: *Om 'n dekoloniale identiteit te bereik: kwessies, uitdagings en geleenthede.*

Ek glo dat prof Serudu vir ons sal vertel hoe Matsepe probeer het om die kwessie van identiteit in die meeste van sy werk te navigeer. U het waarskynlik opgemerk dat ek na Matsepe as 'n Sesotho sa Leboa-skrywer verwys het. Ek is bewus van die geskil rondom die naam van

hierdie taal: Party mense verkies Sesotho sa Leboa terwyl ander Sepedi verkies.

Programdirekteur, ek is optimisties dat hierdie aangeleentheid bevredigend vir almal daarby betrokke opgelos sal word sodat ons 'n behoorlike naam aan hierdie taal kan gee – hetsy Sesotho sa Leboa of Sepedi.

Ek wil nie nou by die naamgewingsdebat betrokke raak nie aangesien ek nie bevoeg is om 'n mening hieroor uit te spreek nie, maar ek noem dit bloot omdat dit by die tema van hierdie lesing aansluit. Vir my gaan die kwessie daaroor: Hoe los ons die saak van identiteit vanuit 'n dekoloniale perspektief op – in hierdie geval 'n identiteit vervat in die naam van die mense se taal?

Tydens my kort terugblik oor Matsepe se bydrae, sal ek my hoofsaaklik op die vakkundige werk van prof Serudu en GMM Grobler beroep. Hulle kan albei as Matsepe-kenners beskou word ná die baanbrekerswerk wat hulle oor hierdie groot skrywer gedoen het.

Kom ons begin deur Matsepe te posisioneer.

## **Posisionering van Matsepe: 'n Afrika-skrywer**

Ek wil in die eerste plek wegdoen met 'n misplaaste en inderwaarheid verspote argument wat ek teëgekrom het terwyl ek vir hierdie lesing voorberei het. Dit is dat Matsepe die Shakespeare van Sesotho sa Leboa was.

Hierdie aanspraak is nie net ontstellend nie, maar ook verkeerd. Om uit te klaar: Dit is ontstellend omdat dit die idee ondersteun dat Afrika-skrywers net goed is as hulle met Europese skrywers vergelyk kan word. Dit is koloniale denke op sy ergste. En dit is verkeerd omdat Matsepe en Shakespeare in verskillende genres gewerk het.

Nou dat ek van hierdie verkeerde idee ontslae geraak het, wil ek graag na Matsepe in eie reg kyk en nie as 'n spieëlbeeld van "die ander" nie.

Matsepe was 'n produk van sy konteks, en hoewel sy konteks hom gevorm het, het hy ook sy konteks gevorm en lewe daaraan gegee. Soos wat Ngũgĩ wa Thiong'o (1981:72) opgemerk het: Die skrywer as 'n mens is self 'n produk van die geskiedenis, van tyd en ruimte. As 'n lid van die samelewing behoort hy aan 'n sekere klas en is hy noodwendig 'n deelnemer aan die klassestryd van sy tyd.

Matsepe se skryfwerk weerspieël sy opvoeding, 'n opvoeding wat hy by Christelike sendelinge ontvang het; sy eie Afrika-godsdiens en -gebruike; die huwelik en gesinslewe; en sy kortstondige werk as 'n klerk van die hof (Serudu & Grobler 1995). Hy het twee wêreldes bewoon: aan die een kant die wêreld van Afrika-godsdiens en -gebruike en aan die ander kant die wêreld van Christendom vanweë sy sendingopvoeding (ibid).

Die karakters in Matsepe se romans is gebaseer in Kopa, Ga-Sekhukhu. Hulle beeld werklike karakters soos tradisionele leiers en krygers uit (Serudu 1982).

Hoewel sy karakters in Kopa gebaseer is, bespiegel Grobler oor die moontlikheid dat Matsepe in die roman *Lešitaphiri* (1963) die nasionale onmin wat op die 1960 Sharpeville-massamoord uitgeloop het, die daaropvolgende verbanning van die vryheidsbeweging, die stigting van Umkhonto we Sizwe en die “onafhanklikheidsverklaring” van die Transkei, weerspieël.

Daar kan ook gesê word dat Matsepe aan 'n dubbele bewustheid gelyk het waaraan soveel swart mense gedurende die 1950's en 1960's gelyk het – hulle het hul vernet teen wit minderheidsheerskappy maar was

ook versigtig om nie aan die verkeerde kant van die regime van daardie tyd te kom nie. Makgamatha (1992) merk op dat hoewel Matsepe onbewus daarvan was, hy beïndruk was met en 'n onkritiese bewondering gehad het vir Europese “meerderwaardigheid” en veral laasgenoemde se gebruik van gewere om mee te jag.

Vir Makgamatha (1992:87) is dit dus verstaanbaar dat die Europeërs as goeie mense uitgebeeld word, mense wat liefde en vrede en broederskap bring, want *Lešitaphiri* handel slegs oor die Europeërs se eerste kontak met die Afrikane, en eers aan die einde van die narratief.

Ons kan derhalwe sien dat Matsepe 'n komplekse skrywer was wat deur tyd en ruimte gevorm is, hoewel hy soos wat ek later sal uitwys, wantrouig teenoor tyd gestaan het.

### **Kompleksiteit en verdeeldheid in Matsepe se skryfstyl**

Serudu en Grobler redeneer dat Matsepe 'n komplekse skrywer was wie se romans totale betrokkenheid en aktiewe deelname van die leser vereis as die leser die volwaardige intriges daarin wil ontrafel en sin wil maak van die betekenisvolle universele boodskappe daarin vervat (Serudu & Grobler 1995:136).

Matsepe het die tradisie van Afrika-skrywers voor hom verbreek, in die besonder Sesotho sa Leboa-skrywers, wie se werk temas uit die Bybel en 'n moraliseringsboodskap bevat het. Hy het inderwaarheid 'n nuwe genre geskep wat tradisionele en stedelike lewens ondersoek het.

Serudu sê dat intriges voorheen eenvoudig was en die eskapades van een karakter van sy kinderdae tot op 'n hoë ouderdom of sy dood gevolg het en wie se lewe soos volg opgesom kan word: Hy is gebore // hy het gelewe en // hy het gesterf of 'n menslike wrak geword (Serudu 1985:97). So 'n karakter, en hy sou na alle waarskynlikheid manlik wees, sou as hy nie wrak nie maar 'n kryger was, "beloon" word met 'n vrou met wie hy kon trou (Makgamatha 1992:86).

Grobler (1992) ondersoek Matsepe se komplekse skryfstyl verder deur na sy hantering van gebeure te kyk. Hy merk op dat Matsepe die chronologiese skryfstyl onderbreek en eerder 'n achronologiese styl bekendstel deur die tydsorde te manipuleer en die opeenvolging van gebeure te verander (Grobler 1992:50). Hy verwring die chronologiese orde en "speel" met temporele orde deur gebeure te herrangskik en hulle in 'n achronologiese volgorde aan te bied (ibid: 50) deur middel van terugflitse, retrospeksie, voorbodes en antisipasie.

Serudu wys daarop dat Matsepe 'n groot invloed op skrywers wat na hom gekom het, gehad het.

Daar kan aangevoer word dat Matsepe se achronologiese styl duidelik na vore kom in die skryfwerk van een die eietydse skrywers, Gomolemo Mokaie. In *The secret in my bosom* (1996) en *Masego* (2008) word Mokaie se intrigues achronologies aangebied en beide romans begin met die einde van die storie.

Buiten die omverwerping van die temporele orde en die gebruik van sy narratief om tydloos te wees, gebruik Matsepe simbolisme om sy storie te vertel.

### **Meer oor simbolisme**

Grobler bied 'n kort maar diepgaande ontleding aan oor die gebruik van simbolisme in *Lešitaphiri*. Hy vergelyk die simbool van die rivier soos wat Matsepe dit in hierdie roman gebruik met Ngũgĩ wa Thiong in *The river between* (1965).

Die rivier in Ngũgĩ se roman is 'n bron van verdeeldheid en 'n simbool van neo-kolonialisme terwyl die rivier in *Lešitaphiri* 'n simbool van eenheid en samehang is (Grobler 1998).



Dit is egter debatteerbaar of die rivier in *Lešitaphiri* wel 'n simbool van “eenheid en samehang” is. Oorlede Koning Taudi se mense moes weerskante van die rivier woon nadat 'n wapenstilstand tussen die twee strydende faksies bereik is. Dit kan teenoor Ray Phiri en Stimela se *Whispering in the Deep* gestel word waar die mense “all tributaries of that great river of pain// [yet]<sup>1</sup> flowing into one ocean” (Phiri 1986) is.

Nog een van Grobler se omstrede gevolgtrekkings is dat die simbolisme van die rivier 'n diepgaande begeerte aan vrede en harmonie weerspieël (Grobler 1998:67). Hy voer aan dat hoewel Matsepe gedurende die apartheidsjare geskryf het, hy hoopvol gebly het en na 'n vreedsame oplossing vir die destydse politieke probleme van die land gehunker het.

Ek is nie seker of hierdie ontleding en waargenome optimisme aan Matsepe se kant was of bloot 'n weergawe van Grobler se insetsel van sy eie wense nie, hoewel dit onakkuraat kon gewees het. Dit demonstreer diesnieteenstaande die skoonheid van die kunste- en sosialewetenskappe-ontleding en die vryheid om te spekulêr eerder as 'n suiwer vasklou aan statiese akkuraatheid.

---

<sup>1</sup> Beklemtoning in hakies is bygevoeg vir groter duidelikheid.

En dit bring ons by nog een van Matsepe se benaderings in sy romans en poësie.

### **Filosofiese stellings en wêreldbeskouing**

Serudu and Grobler (1995) merk op dat Matsepe filosofiese taal gebruik om sy wêreldbeskouing te verwoord. Wat Matsepe van ander skrywers onderskei, is sy insig in die menslike lewe (Serudu 1985).

Wanneer Serudu Matsepe se wêreldbeskouing ondersoek, wil hy ontslae raak van die ou dwaling wat sê dat Afrika-tale oor geen letterkunde beskik nie (Serudu 1990:41). Dit is 'n gedekolonialiseerde benadering tot ons letterkunde en Serudu moet geprys word omdat hy hierdie standpunt inneem.

Die invoeg van filosofiese stellings in die teks kan gesien word as die intrede van die outeur in die wêreld van sy roman (Serudu 1990:41), wat sommige mense as regverdigbaar of selfs onvermydelik sien, indien nie noodsaaklik nie.

Soos reeds genoem, was Matsepe 'n produk van sy tyd en ruimte. En soos wat Ngũgĩ genoem het, is dit onvermydelik dat skrywers, veral in

Afrika, sal kommentaar lewer oor of hulle sienings inwerk in die teks, selfs al verkies hulle om nie politieke aktiviste te wees nie (wa Thiong'o 1981:73). Of in Matsepe se geval, soos wat ek vroeër geïllustreer het, selfs al word hulle politiese siening as liberaal beskou, in teenstelling met sê maar iemand soos Ngũgĩ, wie se radikale beskouings algemeen bekend is.

Dit wil voorkom asof Matsepe 'n pessimistiese siening van die samelewing ontwikkel het. Serudu (1990:50) merk tereg op dat die wêreld vir hom vol euwels, korrupsie en hebsug is. Die mens het sy vermoë om tussen goed en sleg te onderskei, verloor. Tensy die mens bereid is om in vrede met sy medemens te lewe, is daar geen hoop vir harmonie in hierdie wêreld nie.

Ek graag net noem dat Serudu hierdie waarneming oor Matsepe in 1990 gemaak het, terwyl Matsepe tussen 1954 en 1974 geskryf het. Hoe diepsinnig was sy oorspronklike sienings nie en hoe toepaslik is dit vandag nog vir ons! Nie net vir ons land nie, maar vir die hele wêreld waar hebsug en korrupsie die menslike siel beset het.

Daar is drie areas om na op te let wat 'n mens weer laat besef hoe geniaal Matsepe was as voorloper met sy artikulasies.

## **Om die samelewing uit te daag: oor vroue, albinisme en tradisionele leierskap**

In sy ontleding van die funksionaliteit van karakters in 'n Sesotho sa Leboa-roman beklemtoon Makgamatha (1992:85) die ooglopende feit dat die Afrika-wêreld in geskrewe letterkunde as 'n man se wêreld uitgebeeld word.

Soos vroeër reeds genoem, kan 'n deel hiervan met die volksnarratief verbind word waar 'n man se dapperheid bykans altyd beloon word met 'n vrou (ja, selfs die prinses) met wie hy kan trou (ibid). Dit was 'n wêreld waar vroue as gebruiksartikels beskou en as trofee behandel is. Hierdie wêreldsiening is vandag steeds algemeen hoewel dit nou in 'n vermomde vorm voorkom – dit was in die verlede verkeerd en dit is vandag steeds verkeerd. Ons moet daarteen opstaan en daarvan ontslae raak!

Aan die ander kant, en weer eens op 'n negatiewe noot, is dit gewoonlik vroue en nie mans nie wat van hekserie beskuldig word (Makgamatha 1992:86). Ongelukkig maak Matsepe volgens Makgamatha in *Megokgo ya Bjoko* (1969) hom skuldig aan hierdie stereotipering van vroue as hy sommige vroue as hekse uitbeeld.

Dit is egter goed om op te merk – Serudu (1985) het dit uitgewys – dat daar in elke roman wat Matsepe geskryf het, verbeterings op die foute was wat hy voorheen gemaak het. Hoewel Serudu spesifiek na styl verwys, kan aangevoer word dat verbeterings ook ten opsigte van politieke inhoud plaasgevind het.

In *Megokgo ya Bjoko* vergoed Matsepe vir die stereotipering van vroue waarna Makgamatha (1992) verwys het. In *Kgati ya Moditi* (1974) word ’n vrou, Mmatshepho, as ’n sterk aanspraakmaker op ’n leierskapsrol – die kapteinskap – uitgebeeld. Aan die einde van sy loopbaan as skrywer en ook sy lewe kan gesê word dat Matsepe ’n nuwe hoofstuk begin het deur vooroordeel en diskriminasie aan te spreek.

Hierdie omwenteling in Matsepe se karakterbeskrywings en -uitbeelding is duidelik sigbaar in dieselfde roman waarin hy die stereotipering van vroue – *Kgati ya Moditi* – takel en waar hy ook die stereotipering rondom albinisme uitdaag.

Die karakter Nkgotlelele beklee ’n prominente rol wat hom soos enige ander mens maak ten spyte van sy velkleur. Ek is egter nie seker of die naam van sy karakter, Nkgotlelele, wat “wees geduldig met my” of

“verdra my” kan beteken, juis gekies is gegewe sy verskonende betekenis en of Matsepe dit doelbewus as sarkasme teenoor onverdraagsame mense gebruik het nie.

Die laaste area waaraan Matsepe aandag gegee het, hoewel nie heeltemal so direk nie, was om kapsie te maak teen van die vergrype van tradisionele leierskap. Vir Makgamatha (1992) word dit in *Megokgo ya Bjoko* geïllustreer en dit is vandag nog ’n kontroversiële dog relevante onderwerp.

Daar is minstens drie hedendaagde houdings teenoor tradisionele leierskap. Die eerste een is ’n vurige verdediging van die stelsel as deel van die Afrika-kultuur. Enige kritiek van die instelling word gesien, en behandel, as ’n aanval op en die ondermyning van Afrika-kultuur.

Die tweede siening is dat die instelling van tradisionele leierskap toegelaat moet word om sy aan sy met die moderne bestuurstelsel te staan. Hierdie siening word hoofsaaklik deur die regering gehandhaaf, wat wel die inherente kontradiksies van hierdie posisie besef omdat dit in die besonder met die verdoeseling van gesagstrukture tussen en in raakvlak met (of ’n gebrek daaraan) die munisipale sfeer van bestuur verband hou.

Die derde siening is die van mense wat krities teenoor tradisionele leiers staan en hulle selfs van magmisbruik beskuldig. Een van die prominente stemme in hierdie verband is die akademikus, Lungisile Ntsebeza (2005), wat voel dat die stelsel die demokratiese projek in 'n post-1994-Suid-Afrika in gevaar stel.

Ek wil nie 'n eie siening aanbied of 'n posisie inneem oor hierdie onderwerp nie, buiten om daarop te wys dat die drie sienings ondersoek behoort te word.

Ter afsluiting wil ek nou fokus op areas wat ek as areas vir verdere ondersoek beskou en wat ek hoop prof Serudu aan ons sal verduidelik. Serudu, asook Grobler, het gewys op die behoefte aan verdere navorsing oor Matsepe (Serudu & Grobler 1995).

### **Areas vir verdere navorsing**

Die eerste navorsingsarea wat ek aan die hand wil doen, is dat Matsepe vanuit 'n dekoloniale perspektief bestudeer moet word. Ek het reeds van die kontradiksies en spanning in Matsepe se werk geïdentifiseer, soos sy op die oog af verheerliking van Europese wapens. Dit beteken

egter nie dat Matsepe nie met kwessies van dekolonialisering en die gevolglike bevryding en vrede “geworstel” het nie.

Programdirekteur, dit is ook vir my ’n eer om my waardering met u te deel oor die vennootskap wat gesluit is in die vorm van ’n Memorandum van Ooreenkoms tussen Unisa en die provinsiale regering en administrasie van Limpopo, en in Mei 2018 onderteken is.

Vir diegene wat nie deel van die bekendstelling was nie, wil ek net die doel van die ooreenkoms en vennootskap verduidelik. Albei partye het ooreengekom om saam te werk oor sake wat verband hou met die deel van inligting, navorsing en kapasiteitsbou.

Dit is werklik vir ons as die Universiteit van Suid-Afrika ’n voorreg om deur middel van hierdie vennootskap die waarde van ons eie mense te kan toe-eien en om van die hoofpunte van die lewe in Afrika, soos weerspieël in Matsepe se skryfwerk, met die jonger generasie te deel.

Ons het almal hierdie platform nodig terwyl ons worstel met die uitdagings van die dekolonialisering van ons universiteite, insluitend die kurrikulum as ’n “openbare goed”. Ek sê as ’n “openbare goed” omdat universiteite nie gedwing moet word deur studente-aktiwisme om hulle



kurrikulum te dekolonialiseer nie – soos wat vier jaar gelede gebeur het nie.

Dit moet die universiteite se rol wees om kennis te dekolonialiseer deur die ryk inheemse kennis te gebruik waaraan pioniers soos Matsepe so hard gewerk het om vir ons te bewaar.

As universiteitsleiers moes ons die proses begin het voordat dit nodig was dat ons studente ons moes druk om dit te doen – studente wat vervreem en gemarginaliseer deur die huidige kurrikulum en institusionele kulture voel. Serudu (1990:41) het hierna verwys toe hy gesê het dat Matsepe na sy mening een van die beste Afrika-skrywers van ons tyd is. Sy sienings oor die mens en menslikheid in sy geheel is so omvattend dat 'n artikel daaroor nie alles sal kan insluit nie. Van belang is die feit dat Matsepe in sy werk op sy eie Ba-Kopa-gemeenskap gefokus het, maar tog is daar geen twyfel dat hierdie sienings universeel toegepas kan word nie. In hierdie lesing ek het gehou by Matsepe se sienings oor die verhouding tussen God en gode; die koning en sy onderdane; die aard van die mens en sy medemens; lewe en dood; en die huwelik en egskeiding. Dit sal hopelik die ou dwaling dat Afrika-tale oor geen letterkunde beskik nie, die nek inslaan.

Vir ons by Unisa is die kwessie eerder die volgende: Hoe inspireer hierdie ryk inheemse kennis die kennisproduksie wat die Eurosentriese fokus van die meeste van ons kurrikula moet ontwig? 'n Kurrikulum wat bevind is om ongetransformeerde en rassistiese te wees en vervreemding veroorsaak. Dit is die soort Afrika-wêreldbeskouing en filosofie wat ons as 'n Afrika-universiteit wat in diens van die mens toekomsdrome verwesenlik, behoort te volg.

Ons studente verdien meer van ons universiteite. Ons kan nie en behoort nie toe te laat dat ons instellings voortgaan om die studente verder te koloniseer nie.

Programdirekteur, dit is waarom ek die vennootskap tussen Unisa en die provinsiale regering en administrasie van Limpopo as so belangrik ag. Deur saam te werk, kan ons die pynlike proses van dekolonialisering begin en sodoende ons samelewing, sy instellings en praktyke Afrikaniseer sodat aandag gegee kan word aan die dringende behoeftes van vergelding, ontwikkeling en demokratisering, insluitend die demokratisering van kennis.

Die tweede area, wat streng gesproke nie 'n navorsingsarea is nie maar 'n benadering tot Matsepe, sal wees om hom uit die beperkinge van letterkundige studies te lig.

Ek het reeds die feit dat Matsepe 'n sterk wêreldbeskouing gehad het, wat in filosofiese terme uitgedruk is, geïdentifiseer. Dit mag wees dat ons 'n moontlike studie van sy werk vanuit die Afrika-filosofie van ubuntu moet oorweeg.

Matsepe se bekommernisse oor die menslike lewe, wat ook in sy poësie uitdrukking vind, val in 'n kategorie wat na vore kom as gevolg van 'n verskuiwing wanneer poësie begin om homself met die probleme en onbestendighede van die lewe te bemoei: Wat is die lewe? Wat is die doel van die lewe? Hoe kan die mens geluk vind? (Mashabela 1982:38). Dit is ook vrae wat verder ondersoek kan word.

Op dieselfde manier kan Matsepe se werk vanuit sosiologiese en antropologiese perspektiewe ondersoek word en kan sy bekommernisse oor die plek van vroue in die samelewing, klas en mag, en baie ander dimensies van sosiale en gemeenskapslewe, ontgin word.

Ek hoop dat OK Matsepe se werk in die toekoms nog baie generasies sal begeester.

Ek sien uit daarna om prof Serudu se sienings te hoor.

Ek bedank u!

### **Verwysings**

Grobler, GMM. 1992. Altering the sequence of time: narrative technique in OK Matsepe's *Letšofalela*. *South African Journal of African Languages*, 12(2):48-51.

Grobler, GMM. 1993. Solving the insoluble: OK Matsepe's *Lešitaphiri* and the signs of our times. *South African Journal of African Languages*, 13(2):44-47.

Grobler, GMM. 1998. And the river runs on...: symbolism in two African novels. *South African Journal of African Languages*, 18(3):65-67.

Makgamatha, PM. 1992. The functionality of character in the Northern Sotho narrative. *South African Journal of African Languages*, 12(2):84-88.

Mashabela, PHD. 1982. The outline survey of OK Matsepe's poetry. *South African Journal of African Languages*, 2(1):36-49.

Mokae, G. 1996. *The secret in my bosom*. Florida Hills: Vivlia.

Mokae, G. 2008. *Masego*. Johannesburg: Maskew Miller Longman.

Ntsebeza, L. 2005. *Democracy compromised: chiefs and the politics of land in South Africa*. Leiden, Boston: Brill.

Phiri, R. 1986. *Whispers in the Deep*. [Sound Recording] (Gallo Records).

Serudu, SM. 1982. Towards an understanding of Matsepe's character delineation. *South African Journal of African Languages*, 2(3):71-89.

Serudu, SM. 1985. Place of Matsepe's novels in the development of the Northern-Sotho novel. *South African Journal of African Languages*, 5(3):96-101.

Serudu, SM. 1990. OK Matsepe's worldview: an appraisal. *South African Journal of African Languages*, 10(2):41-51.

Serudu, SM & Grobler, GMM. 1995. The novels of OK Matsepe. *South African Journal of African Languages*, 15(1):135-140.

wa Thiong'o, N. 1965. *The river between*. London: Heinemann.

wa Thiong'o, N. 1981. *Writers in politics*. London: Heinemann.